ONS GLO

LAERSKOOL RANDHART

Samuelstraat, Randhart, Alberton
✉ 11034, Randhart, 1457
☎ (011) 864-5110/1
🖷 (011) 864-1361
e-pos: laerrant@global.co.za
Webblad: www.randhartlaer.co.za

5 Januarie 2023

NUUSBRIEF 1 van 2023

Geagte Ouers / Voogde

Voorspoed vir 2023 en mag u 'n geseënde jaar beleef. Realiteit staar ons in die gesig en die 2023-skooljaar is op ons voorstoep. Ek vertrou u het 'n heerlike rustydperk saam met u families geniet. Ek wil in besonder al ons nuwe ouers en leerders by Laerskool Randhart verwelkom en u die versekering gee dat u die beste keuse gemaak het om deel van die Rantie-familie te word. Ons as personeel sien ook met opgewondenheid uit na die nuwe skooljaar.

Die doel van hierdie Nuusbrief is om inligting te verskaf ten einde te verseker dat u en u kind gereed is vir die akademiese jaar wat wag.

EERSTE SKOOLDAG

Die eerste skooldag vir ons graad een leerders begin reeds op Dinsdag 10 Januarie om 8h00. Sodoende kan ouers hul kinders vergesel na die onderwyseres se klas, skryfbehoeftes afgee, foto's neem ens. Die res van die grade begin op Woensdag 11 Januarie om 07:25 en leerders beweeg direk na hul aangewese klasse, soos reeds aan u deurgegee is. Klaslyste sal ook by die skoolingange beskikbaar wees.

Alle **nuwe leerders** wat onseker is van hul registerklas, moet asseblief in die saal bymekaar kom waarna hulle na hul onderskeie klasse geneem sal word.

Neem asseblief kennis dat die klasindelings met sorg gedoen is en daarom kan ons nie aan versoeke voldoen om leerders rond te skuif nie.

SKOOLGEREEDHEID

Skooldrag: Is verpligtend en kan by ons verskaffers aangekoop word. (Simply School – Newmarket Winkelsentrum of Select Centre – Randhart)

Handboeke: Al die Gr. 4 tot 7-leerders se handboeke moet op hul tablette afgelaai word en ander leesboeke word deur die skool verskaf.

Tablette: Alle gr. 4 tot 7-leerders moet 'n werkende tablet hê. Die nodige spesifikasies asook die proses hoe om handboeke aan te koop en af te laai is saam met die finale rapport aan u gestuur. Indien u enige hulp benodig, sal daar verteenwoordigers van ITSI vanaf Dinsdag, 10 Januarie, by die skool wees om u van hulp te wees. Maak asseblief seker dat u kind se tablet duidelik gemerk is en in 'n beskermende omhulsel is.

Skryfbehoeftes: Skrifte, gekleurde voorblaaie, plastiekoortreksels, “flip files”, huiswerkboekie, ens. word deur die skool verskaf en deur middel van die *Karri-toepassing* betaal. Die bedrae is reeds opgelaai en u kan nou al betalings maak.

U het ook ’n skryfbehoeftelys ontvang wat aandui watter items in elke graad benodig word. U kan hierdie skryfbehoeftes by enige verskaffer aankoop.

Skooltas: Alhoewel die skool geen amptelike skooltas voorskryf nie, is dit noodsaaklik dat die leerders ’n tas sal hê wat leesboeke, skrifte en tablette voldoende sal beskerm. Ouers word daarom aangemoedig om geskikte tasse aan te skaf. Die “Caddy”-tas word nie aanbeveel nie, aangesien dit baie swaar is en teen die trappe opgedra moet word.

SKOOLHUISWERKBOEK

Laerskool Randhart voorsien aan elke leerder ’n huiswerkboekie. Ouers en leerders moet asseblief hulself vergewis van die inhoudelike en spesiale aandag skenk aan die skoolreëls asook die oortredings/verdienste sisteem wat in plek is. Die boekie moet aangewend word om huiswerk aan te teken en dui ook ander aktiwiteite aan. Moedig asseblief u kind aan om gereeld die boekie te gebruik en u moet dit ook gereeld nagaan. Dit word ook gebruik as kommunikasiemiddel tussen onderwyser en ouer. Vanaf hierdie jaar wil ons graag ons leerders aanmoedig om positiewe toeskouers te wees tydens sportbyeenkomste. Daar is ook plek in die huiswerkboekie gemaak waar leerders se teenwoordigheid deur ‘n onderwyser bevestig kan word.

VERKEER EN PARKERING

Aan die begin van elke nuwe skooljaar is daar altyd meer verkeer en parkering is maar beperk rondom die skool. U word aangeraai om die huis so effens vroeër te verlaat om die verkeerstres te vermy. Personeel en skoolprefekte sal reeds vanaf 06:45 by die skool wees om u te verwelkom. GEEN ouer word op die skoolterrein toegelaat nie en ons vra dat u asseblief u kind by die hek sal groet. Byvoorbaat dankie vir u samewerking in hierdie verband.

AFHAAL VAN LEERDERS NA SKOOL

Indien u u kind persoonlik kom afhaal, vra ons dat u asseblief in u motor sal wag of voor die hekke. Ouers word nie toegelaat om leerders by die klasse te kom afhaal nie. Alle leerders moet nie later as 14:15 afgehaal word nie, mits daar nie buitemuurse aktiwiteite is nie. Leerders kan nie alleen op die skoolterrein ronddwaal nie en dit is ook gevaarlik vir leerders om alleen op sypaadjies te sit en wag.

KOMMUNIKASIEPROSES

Ten einde te verseker dat daar goeie kommunikasie tussen die skool en ouer is, wil ek versoek dat die onderstaande kommunikasieproses gevolg sal word:

Klasonderwyser → Graadhoof → Fasehoof → Adjunkhoof → Skoolhoof

Neem asseblief kennis dat ouers nie onaangekondig na ’n onderwyser se klas toe kan gaan nie. Maak asseblief ’n afspraak met die betrokke personeellid ten einde u uitdagings aan te spreek. Dit is ook onvanpas vir ouers om ander leerders op die skoolterrein te konfronteer.

FINALE SKOOLRAPPORT : 2022

Indien u kind ’n nuwe leerder by ons skool is, moet u asseblief seker maak dat u die oorspronklike 2022 Desember-rapport saambring skool toe. Sodoende kan ons seker maak dat u kind in die regte graad geplaas word.

FINANSIËLE VERPLIGTINGE

Skoolfonds vir 2023 is tydens die algemene jaarvergadering bepaal en is as volg:

SKOOLGELDE 2023	
Opsie	**Bedrag betaalbaar**
1. Skoolgelde ten volle vereffen teen 31 Maart 2023 (Maandelikse skoolfonds betalings moet op datum wees om vir die finale korting te kwalifiseer)	R14 950 per kind
2. Maandeliks x 10 (1 Jan – 31 Okt.) per debietorder / elektroniese oordrag	R 1 570 per kind

U word weereens daaraan herinner dat die betaling van skoolfonds verpligtend is. Skoolfonds is maandeliks vooruitbetaalbaar en daarom was u eerste paaiement vir Januarie reeds betaalbaar. Indien u nog nie ’n debietorder voltooi het nie, word u versoek om dit so gou as moontlik te doen. U word weereens herinner dat alle addisionele betalings slegs deur *Karri-App* gedoen sal word en sodoende kan ons daarin slaag om ’n kontantvrye omgewing op die terrein te verseker.

BESOEKE AAN DIE KANTOOR

Ons vra asseblief dat u slegs in noodgevalle die kantoor sal besoek. Dit is onnodig om artikels wat agterweë gelos is te kom aflewer. Ons wil graag verantwoordelikheid by ons leerders kweek en indien u ons hierin ondersteun, het ons alreeds gevorder. Die vroeër afhaal van leerders vir dokters- of tandartsbesoeke moet asseblief ook tot die minimum beperk word. U kind verloor belangrike werk en dit is soms moeilik om weer op datum te kom.

AKTIWITEITE VIR OUERBETROKKENHEID

Ons sien uit na u betrokkenheid op vele terreine en wil graag nou reeds vir u ‘n paar aktiwiteite noem wat vir hierdie jaar beplan word en waar u betrokke kan raak:

AKTIWITEIT	BEPLANDE DATUM
Ouers ken-mekaar-braai en sokkie	11 Februarie
Atletiek Interlaer	14 Februarie
Pa en dogter “date” night	12 Maart
Manne-aand met Ricus Nel	16 Maart
Gholfdag	31 Augustus
Ma-en-dogter tee	2 September
Ranties kampnaweek	8 – 10 September
Vroue-aand	28 Oktober

Ons wil graag hierdie jaar 'n onvergeetlike een maak. Personeel alleen kan dit nie doen nie en ek wil alle ouers uitnooi om betrokke te raak by hul kinders se akademiese vordering asook ander skoolaktiwiteite gedurende die jaar. Laat weet ons waar u dink daar ruimte vir verbetering is en bring voorstelle na die tafel. Ek glo aan die waarde van 'n skool- en gemeenskapvennootskap. Dit is hierdie vennootskap wat sal sorg vir maksimum sukses gedurende die jaar.



Vriendelike groete

M. Gerber

ME. MARLENE GERBER
SKOOLHOOF